

## Storie

# Bosbok se besoeker

Eendag was daar 'n Bosbok wat in 'n huisie van stokkies gewoon het. Bosbok het altyd sy deur laat oopstaan wanneer hy uitgegaan het. Eendag gaan Bosbok uit rivier toe om water te drink en hy laat sy deur weer oopstaan. Op pad terug huis toe sien hy dat sy deur toe is. Bosbok is nou bekommerd. Met sy stil bosbokstem sê hy, "Wie is in my huis?" Hy luister en hy wag. Iemand antwoord met 'n diep stem, "Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek jou op!" Bosbok is baie bang.

Bosbok hardloop om sy vriend Olifant te gaan haal. Hy kry vir Olifant waar hy onder 'n boom staan, en Olifant swaai sy slurp só. "Olifant, Olifant!" sê Bosbok. "Kan jy my help?" Olifant antwoord, "Ja, my vriend. Wat's fout?" Toe sê Bosbok, "Daar is iemand in my huis en hy sê hy gaan my opeet!"

Olifant en Bosbok gaan saam na die huis toe. Olifant stap op sy stadige olifantmanier. Bosbok hardloop op sy vinnige, skrikkerige bosbokmanier. Toe hulle by die huis aankom sê Olifant op sy stadige olifantmanier, "Wie is in Bosbok se huis?" Die diep stem antwoord, "Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek julle op!"

"Mmmmm, ek wil nie by jou huis ingaan nie," sê Olifant. "O nee!" sê Bosbok. "Wie kan ons help?" Olifant en Bosbok kyk na mekaar en hulle albei sê, "Kom ons gaan roep ons dapper vriend, Leeu". Hulle kry vir Leeu waar hy vas aan die slaap in die warm son lê. Olifant sê vir Leeu, "Leeu, Leeu, kan jy ons help?" Leeu antwoord, "Ja, my vriend. Wat's fout?" Olifant sê, "Daar is iemand in Bosbok se huis en hy sê hy gaan ons opeet". Leeu lig sy kop en hy brul. Toe staan hy op en hy stap op sy trotse, leeuagtige manier na Bosbok se huis toe.

Wanneer jy hierdie storie die tweede en derde kere lees en saam met die kinders bespreek, sal jy ontdek dat daar baie geleenthede is om die emosies en motivering van die karakters in die storie te bespreek. Hoekom gaan haal Bosbok vir Olifant? Hoekom gaan haal Bosbok en Olifant vir Leeu? Jy kan vriendskap bespreek. Hoe voel die kinders oor die poets wat Padda sy vriende gebak het? Het hul vriende al ooit so 'n poets op hulle gebak? Wat dink hulle van die hulp wat Olifant en Leeu vir Bosbok gegee het? Het hulle vriende wat hulle sou help al is die vriende ook hoe bang?



Toe hulle by die huis kom, sê hy in sy harde, kwaai stem, "Wie is in Bosbok se huis?" Weer sê die stem, "Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek julle op!" Leeu brul en hy sê, "Wat? Vir my opeet? Die Koning van die diere?" Toe hoor hulle 'n sagte geskuifel, soos dié, en 'n sagte gegiggel, soos dié.

Toe swaai die deur stadig oop en Padda kom met 'n groot glimlag op sy gesig uitgespring. "Lekker gevang! Dit was maar net ek," sê Padda. Almal lag en Olifant sê, "Ek is die grootste, maar jy, Leeu, jy's die dapperste!"

Bosbok sê, "Dankie, dankie vir julle hulp, my goeie vriende!"

**Fluit-fluit, my storie is uit!**